


SA Gemeente Suidwyk: Tema vir 2011

# Verbreed jou grense / Expand your boundaries

*"You can not dicuss the depth of the ocean with a fish in a pond"*

SA Gemeente bied jou die geleentheid om die grense van jou lewe te verbreed

Jy word uitgenooi en uitgedaag om saam met ander mense die volgende drie grense in jou lewe gedurende die 12 maande van 2011 te verbreed.

## 1 Verbreed die grense van jou **persoonlike geloofslewe**

Daar is verskillende opsies.

- Registreer op die webblad vir die 5 weke lewensverrykingskursus wat op 23 Januarie 2011 begin: **Die MENS wat ek wil wees/ The ME I want to BE**.
- Volg 'n Bybellees program vir die jaar
- Verbind jouself om gereeld vir verskillende sake en mense te bid
- Lees 'n geestelike boek

## 2 Dien jou **gemeenskap**

Besluit waar jy 'n bydrae kan maak met jou gawes

- Raak betrokke by 'n gemeenskapsprojek bv. Suidwyk se Voetspore in die gemeenskap/Footprints in the community, klere bank, Kings College skoolprojekte, ens.
- Verhoog jou dankoffer
- Ondersteun 'n uitreikaksie, bv Franse kindersending, Kanjanji in Zambië, ens
- Bied jou hulp aan by 'n bediening soos: kleuters, kinders, jeug, gasvryheid, Connect wat nuwe mense verwelkom, IT bediening en hulp met die gemeente se webblad, streaming van eredienste, multi media, ens.

## 3 Verdiep jou **verhoudinge**

Besluit oor die volgende moontlikhede

- Beplan saam 'n projek vir julle gesin en julle huwelik.
- Gaan eet /nooi uit iemand met wie jy nog nie voorheen gekuier het nie, by die werk, in jou buurt of in die gemeente
- Doen moeite en reik uit na iemand wat swaar kry, wat eensaam is of wat in 'n krisis is.
- Maak vriende in die Engelse gemeenskap

**"Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee."**

(Filippense 4:13)